# Hoofstuk V

..........

## Onderwys op Christiana 1910 - 1918

### 1. Inleiding.

Op 31 Mei 1910 het die vereniging van die vier provinsies plaasgevind en fundamentele veranderings in die onderwysstelsel is aangebring. Een van die belangrikste wysigings in die Smutswet is deurgevoer deur Taalordonnansie No.7 van 1911 waardeur die twee landstale op gelyke voet gestel is.[1] Daar is ook voorsiening gemaak vir aparte leergange vir buite skole om die onderwys te laat aanpas aan die plattelandse omgewing.

Aangesien die wet van 1907 bepaal het dat skoolraadslede vir drie jaar gekies word, het die dienstermyn van die rade in 1910 verstryk en verkiesings is in Julie 1910 gehou. Die Bloemhofse raad het toe uit die volgende lede bestaan : di. J.F. le Clus en C.A. van der Merwe, die here J. de Villiers Joubert, F.J.Huyser, J.F. de Beer, P.J. van Duyn, T.L.Shone, J.W. Wys en J.J.Strauss.[2] Die heer J.C.M.Pitout is benoem as voltydse sekretaris. Die grense van die skoolraadsdistrik het onveranderd gebly en oorgeslaan met die grense van die kiesafdeling. Christiana.[3]

---

1. Coetzee : Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 124
2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged.13.7.1910
3. Ibid

## 2. Stappe wat gelei het tot die stigting van aparte skole.

Die raad het dit tydig geag op sy eerste vergadering om die hoof daarop te wys dat die Uniewet die twee landstale,Hollands en Engels, op gelyke voet stel, en dat dit van hom verwag word dat leerlinge vir beide taaleksamens voorberei sal word. Die hoof het sy voorneme om aan hierdie versoek te voldoen te kenne gegee,maar die raad moes herhaaldelik daarop wys dat die onderwys van geskiedenis en aardrykskunde nog deur voertaal Engels onderrig word wat nie bereken was om die beste uitslae te verkry nie.[2] Die hoof het geantwoord dat die klasse nie verdeel kon word sodat hierdie bakke deur beide voertale onderrig kon word nie.[3]

Dat verwikkelings tot finaliteit gevoer is.moet aan die beywering van die skoolkommissie toegeskrywe word. Op 'n vergadering van die kommissie gehou op 14 September 1910 is besluit om die swak uitslae van die Taalbondeksamen weer onder die aandag van die raad te bring. Die raad het versoek dat die kommissie sy klagtes in 'n memorandum saamvat en dit is aan die Direkteur van Onderwys voorgelê. Die raad het terselfdertyd versoek dat die Direkteur 'n vergadering van die raad bywoon.maar aan die versoek kon nie voldoen word nie.[5] In Februarie 1911 het die Direkteur en die kringsinspekteur die skool besoek. maar hulle aandag by die hoër klasse bepaal.[6]

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 13.7.1910
2. Ibid, ged. 21.9.1910
3. Ibid,ged. 12.10.1910
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 19 Sept. 1910
5. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 13.11.1910
6. Joernaal van die Christianase Dorpskool

In Augustus het die Direkteur die skool weer besoek en op ñ vergadering wat deur die Kommissie bele is hy die ontevredenes aangehoor.[1] Dit het egter tot Oktober geduur voordat die raad van die Onderwys departement verneem het dat besluit is om die heer King te verplaas Die raad het geantwoord dat "de behandeling ervan (die verplasing) vereischt spoed, daar volgens de zienswyze van deze raad, de tegenwoordige gespannen toestand teen de onderwyzer en de ouders verderfelik werkt voor op de voedkundige belangen en onderwysrechten van de leerlingen."[3] Teen die einde van die jaar het die onderwysowerhede nog geen stappe gedoen om hulle voornemens uit te voer nie, en in Desember het 'n afvaardiging van raads- en kommissielede sy opwagting by die Administrateur en Uitvoerende Komiteelede gemaak.[4] Die uitslag van hierdie deputasie word nie aangedui nie, maar dit was waarskynlik nie gunstig nie en die kommissie het weer handelend opgetree. 'n Versoekskrif, onderteken deur die ou van 269 skoolgaande kinders, is aan die raad voorgelê met die versoek dat die hoof voor die ingang van die derde kwartaal verplaas word.[5] Hierdie versoekskrif is nie veronagsaam nie en op 19 Junie het die Direkteur die skoolraad, kringsinspekteur en kommissie in kennis gestel van sy besluit t.o.v. die plaaslike skool :[6] die skool word in twee verdeel; die heer King word hoof van een skool en die heer C.L.N.Brink is benoem as waarnemende hoof van die ander. Tot tyd en wyl ander voorsiening gemaak

1. Christianase Dorpskooljoernaal Aug. 1911

2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 11.10.1911

3. Ibid

4. Ibid, ged. 9.1.1912

5. Ibid, ged. 16.4.1912

6. Ibid, ged. 10.7.1912

is, moes die twee skole in dieselfde gebou gehuisves word.

Op aanbeveling van die raad het die Departement van Onderwys goedgekeur dat die skool met die heer 'n King as hoof as die Publieke en die ander as die Uitkomstskool bekend sou wees.[1]

Nòg die raad, nòg die kommissie wou die besluit van die Departement op ondubbelsinnige wyse goedkeur, maar beide liggame het die verdeling aanvaar [2] hoewel dit afgestuur het op gebeurtenisse wat op daardie stadium nie in vooruitsig kon gestel word nie, maar gelei het tot die onaangenaamste hoofstuk in die geskiedenis van die onderwys op Christiana.

## 3. Die Publieke Skool 1912 - 1915.

Vyf klaskamers uit die 9 is tot die beskikking van die skool gestel, maar nog drie vertrekke in verskillende geboue in die omgewing moes in gebruik geneem word.[3] Die inspekteur en raad het aanbeveel dat addisionele vloerruimte onmiddellik voorsien word[4], maar aan hierdie versoek is nie voldoen nie.

Die verdeling van die skool het nie die verwagte uitwerking gehad nie, want aangesien die ouers kon kies welke skool hulle kinders sou besoek, het die Publieke skool nie alleen al die Engelsmediumleerlinge, maar ook 'n aansienlike persentasie Hollandsmediumleerlinge ingeskrywe. Gevolglik moes die skool voorsiening maak vir dubbelmediumonderwys.[5]

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, ged. 11.9.1912
2. Ibid
3. Joernaal van die Publieke Skool ged. 25.7.1912
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 14.8.1912
5. Joernaal van die Publieke Skool ged. 18.7.1912

Toe die inspekteur die inrigting die eerste keer besoek het, was daar 147 leerlinge op die registers. Hulle was in 17 standerds verdeel met 8 onderwysers.[1] Die groepstelsel moes noodwendig ingevoer word en sommige van die onderwysers moes verantwoordelikheid vir drie verskillende standerds aanvaar. Die groepering het van tyd tot tyd verskil, maar oor die algemeen is die volgende stelsel deurgevoer:[2]

| | Engelsmedium | Hollandsmedium |
|---|---|---|
| Groep 1 | Substanderds | Substanderds |
| Groep 2 | Standerds I en II | Standerds I en II en III |
| Groep 3 | Standerds III en IV | Standerds IV en V |
| Groep 4 | Standerds V en VI | Geen |
| Groep 5 | Standerds VII en Bo | Geen |

Die uitslae van die oorplasingseksamens van 1912 was oor die algemeen nie ongunstig nie, maar die onderwys van Hollands, veral in die hoër standerds, was benede die vereiste standaard. Ook het die peil van die onderwys grootliks van klas tot klas verskil. Slegs drie van die 12 leerlinge in standerds VI en VII is bevorder. Die gehalte van die werk van die hoogste standerds was heeltemal verdienstelik.[3]

Die volgende jaar was die skool se prestasies nie beter as die vorige jaar nie. Hierdie toestand, het die inspekteur gemeen, moes toegeskrywe word aan die groot aantal personeelverwisselings wat plaasgevind het. Die onderwys van Engels was prysenswaardig in meeste van dieklasse, maar die aanvangsonderwys van Hollands in die Engelsmediumklasse is verwaarloos. Hierdie toestand moes toegeskrywe word aan die feit dat daar onderwysers was wat nie die onderrig van die tweede taal met veel voordeel kon waarneem nie.[4]

Gedurende die volgende jaar het herhaaldelike personeelverwisselings weer voorgekom en die inskrywing het sò dikwels geskommel dat 'n hergroepering van die klasse die vooruit-

1. Joernaal van die Publieke Skool, Inspeksierapport ged. 26 Nov 1912
2. Ibid, ged. Nov. 1912 en 1913
3. Ibid, ged. 27 Nov. 1913
4. Ibid

gang van die skoolwerk gestrem het. Die uitslae van die oorplasingseksamen was weer teleurstellend en die peil van Hollands in sommige klasse was "beneath criticism." Die standaard van die werk in die hoër klasse was meer belowend.[1]

## 4. Die Uitkomstskool 1912 - 1915.

Die heer C.L.N.Brink het ageer as hoof van die skool totdat die heer J.G. de Vos die permanente hoofskap met ingang van die volgende jaar aanvaar het.[2]

Toe die skool afgestig is, het die inskrywing 260 getel, maar dit het geleidelik gegroei totdat dit op 331 gestaan het aan die einde van 1914.[3] Die verskillende klasse is soos volg gegroepeer in 1912 :[4]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Groep I | Kindergarten | 51 | leerlinge |
| " II | Graad I | 41 | " |
| " III | Graad II & st.I | 39 | " |
| " IV | Sts. I & II | 44 | " |
| " V | Sts. III & IV | 57 | " |
| " VI | Sts. V & VI | 22 | " |
| " VII | Sts. VII - IX | 6 | " |

Die gehalte van die onderwys het in 1913 heelwat verbeter sedert die vorige jaar. Die groepstelsel moes noodwendig toegepas word, maar die stygende inskrywing het hierdie moeilikheid geleidelik uitgeskakel.

Die inspekteur het aanbeveel dat die klankmetode by die aanvangsonderwys van Hollands lees toegepas moes word. Die spreekonderwys in die tweede taal het heelwat te wense gelaat maar die onderwys in rekenkunde was deurgaans op 'n hoë peil.

1. Publieke Skooljoernaal ged. 25 - 27 Nov. 1913
2. Joernaal van die Uitkomstskool Jan. 1913
3. Ibid Des. 1914
4. Ibid Julie 1912

Veral in die middelbare afdeling het die onderwys 'n verdienstelike standaard bereik en die hoogste klasse het bewys gelewer dat die leerlinge baie selfstandige leeswerk doen wat die onderwys van die tweede taal goed te staan gekom het.[1]

Ook die volgende jaar is groot vooruitgang gekonstateer. Die skool het jaarliks leerlinge ingeskrywe vir albei Taalbondeksamens en in 1914 het die skool vir die eerste keer kandidate laat deelneem aan die geskiedenis-eksamens.[2]

Teen die einde van 1914 het die middelbare afdeling aanmerklik gegroei en die uitslae van die publieke eksamens was soos volg :[3]

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vorm I | 13 leerlinge | uit | 17 | slaag |
| " II | [illegible] " | " | 6 | " |
| " III | 3 " | " | 3 | " |
| " IV | 1 leerling | uit | 3 | " |
| " V | 3 leerlinge | " | 4 | " |

## 5. Die skole herenig.

Die feit dat aparte skole bestaan het, het nie die ontevredenheid wat voor die afstigting so in die ooglopend was, uit die weg geruim nie. Die feit twee skole, elk met 'n Hollandse medium het probleme geskep wat die onderwyshoofde nie oor die hoof kon sien nie.

'n Gees van onverdraagsaamheid, selfs vyandigheid, van leerlinge en onderwysers van die skole teenoor mekaar het samewerking onmoontlik gemaak. Skelname vir leerlinge van die skole het nog jare nadat die skole herenig het, voortgeleef en die leerlinge in twee vyandiggesinde groepe verdeel.[4] Kinders uit dieselfde huisgesin is in verskillende skole inge-

1. Joernaal van die Uitkomstskool ged. 28 Nov. 1912
2. Ibid, ged 22 Nov. 1913
3. Ibid, ged. 17 Jan 1915
4. Meegedeel deur die afgetrede hoof, mnr. J.H. Pienaar

skryf omdat die ouers òf met die hoof,òf met die klasonderwyser nie kon saamwerk nie.[1] Wanordelikhede was aan die orde van die dag op die skoolgronde en die raad was verplig om 'n sesvoet-hoë skeidingsmuur op die skoolgronde op te rig,maar dit is verbreek en stuksgewyse verwyder.[2]

Nòg die kommissie van die Publieke Skool, nòg die van die Uitkomstskool was altyd bo die kleinlikhede wat hulle op die skoolgronde tussen die leerlinge afgespeel het,verhewe. Die kommissie van die Publieke Skool het dikwels verkies om sy korrespondensie direk met die Departement, i.p.v. deur die raad, te voer.Hierdie handelwyse het gelei tot vertraging van die raad se pligte en kon alleen die skool nadelig tref.[3]Die kommissie van die Publieke Skool het op 15 Mei 1914 'n klag by die raad ingedien dat lede van die Uitkomstskoolkommissie ouers oorreed het om hulle kinders aan e.g. skool te onttrek. Die kommissie van die Uitkomstskool het geantwoord dat die ouers die keuse t.o.v. die skool vir hulle kinders behou en dat dit elke ouer vry was om volgens sy oortuiging te handel.[4]

Hoewel beide die skoolraadskantoor en die ou skoolgebou as klaskamers ingeruim is,het daar 'n tekort aan vloerruimte bestaan.Die bestaan van twee skole het 'n verspilling van vloerruimte en leerkragte meegebring want daar was 487 leerlinge met 19 onderwysers wat verantwoordelik was vir sowat 30 verskillende klasse.[5]

Die hoof van die Publieke Skool en twee lede van die raad

---

1.Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 16.2.1914

2. Meegedeel deur die afgetrede hoof,mnr. J.H.Pienaar

3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad 16.8.1913

4. Ibid. ged. 24 Sept. 1914

5. Gegewens geput uit die joernaalboeke van die skole Des.191

is in die loop van die derde kwartaal 1914 na Pretoria ontbied om getuienis voor 'n gekose komitee van die Provinsiale Raad af te lê.[1]

Die owerhede het vroeg in 1915 besluit om die moeilikhede i.v.m. die plaaslike skole te beëindig. Die oplossing het voor die hand gelê : die skole moes herenig. Hierdie kennisgewing van die Onderwysdepartement is deur die raadslede staande met 'n mosie van dank aanvaar.[2]

Die dorpskool sou voortaan as die Verenigde Skool bekend wees [3], maar hierdie benaming het na 1918 opgehou om te bestaan.[4]

6. Die Verenigde Skool 1915 - 1918.

'n Tydperk van heropbou, konsolidering en vooruitgang, op onderwysgebied het vir Christiana aangebreek.

Die raad was van mening dat al die poste aan die skool as vakant moes beskou word,maar die Onderwysdepartement wou nie aan hierdie versoek voldoen nie.[5] Die heer J.H.Pienaar, wat die skool vir meer as 22 jaar as hoof gedien het,het sy pos met ingang van die vierde kwartaal 1915 aanvaar.

Die jaar is afgesluit met 'n inskrywing van 475 en die personeel het 15 getel.[6]

Hoewel die middelbare afdeling,st.VI ingesluit, in die skoolgebou op erf 466 gehuisves is,was daar nog 'n tekort aan klaskamers.Die raad het hom beywer om hierdie probleem op te los en die volgende jaar het die administrasie £1500 bestee om drie klaskamers aan te bou. Die tekort aan meubels is mettertyd aangevul.

---

1. Publieke SkoolJoernaal ged. Aug. 1914
2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 16.2.1915
3. Ibid
4. Jaarverslag 1919
5. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged.20.4.1915
6. Joernaal van die Verenigde Skool,Des. 1915

Die inspekteur het in 1918 daarop gewys dat die skoolgronde daar baie onaantreklik uitsien; daar was wel voldoende speelruimte,maar niks is gedoen om die onmiddellike omgewing van die skoolgeboue te verfraai nie.[1] Die hoof het daarop gewys dat die watervoorsiening te onseker was om tuine aan te lê en hierdie toestand het vir etlike jare voortgeduur.

Een van die gevolge van die strenger toepassing van die taalordonnansie het gelei tot 'n vermindering van die aantal leerlings in die Engelsmediumklasse,sodat slegs drie leerkragte,mejj. R.Sands,K.E.Newton en L.Lotter, hierdie klasse kon behartig.[2]

Die prinsipaal het hom daarop toegelê om nie alleen as hoof,maar ook as klasonderwyser op te tree. Hy het gereeld al die klasse,van graad I tot vorm V,besoek, nie alleen om kontrole uit te oefen nie,maar ook om les te gee en kontak met die vordering te hou. Hierdie stelsel het goeie vrugte afgewerp en die inspekteur het dit by al die skole aanbeveel.[3]

## 6. Samevatting.

Die fundamentele veranderings wat deur die Uniewet vir die onderwys in die lewe geroep is,was verantwoordelik vir die ingrypende ontwikkelings wat op onderwysgebied op Christiana plaasgevind het.

Die skoolraad en -kommissie was oortuig dat die toestand alleenlik deur die verplasing van die hoof gered kon word. Die Departement het egter geweier om aan hierdie versoek te voldoen en was van mening dat die verdeling van die skool in een met dubbelmedium-onderwys,en 'n ander met Hollands as voertaal aan die versoek van die ouers en onderwysliggame sou voldoen.

1. Joernaal van die Verenigde Skool Des. 1918
2. Ibid, 19 Jan. 1916
3. Ibid, 18 Nov. 1918

Na 'n proeftyd van byna drie jaar waarin die wrange vrugte van twis en verdeling terdeë gesmaak is, het die Onderwysdepartement die enigste uitweg om 'n permanente oplossing te vind, gekies : die skole moes herenig.

Die nuwe hoof het al sy aandag aan die opheffing van die peil van die onderwys gewy en teen die einde van 1918 kon die inspekteur rapporteer dat die agterstand tot 'n groot mate in die laer afdeling ingehaal en uitgewis is, maar in die middelbare afdeling sou nog hard gewerk word voordat die vereiste standaard bereik is.[1]

1. Joernaal van die Verenigde Skool ged. Des. 1918